arrestasie en borg

## DIE VOORVERHOORSTADIUM

### a. Metodes om die beskuldigde voor die Hof te kry

1. 'n Skriftelike kennisgewing Art. 56 van SPW (Strafproseswet).
2. 'n Dagvaarding in terme van Art. 54 van SPW (Strafproseswet).
3. Arrestasie in terme van artikels 39, 40, 42, 43 en 49.

Let asseblief dus daarop dat arrestasie nie die enigste manier is om u voor die Hof te bring nie.

U is vanaf die oomblik van arrestasie geregtig op regsbystand.

### b. U as gearresteerde en aangehoudene het die volgende regte

1. Die polisie moet vir u sê waarvoor u aangekla word en u het die reg om te swyg.
2. U is nie verplig om enige bekentenis of erkennings te maak wat as getuienis teen u gebruik kan word nie.
3. Indien u gearresteer word, het u die reg om so gou as moontlik voor 'n Hof gebring te word. Dit mag nie later as 48 uur na 'n arrestasie wees nie, tensy die verstryking van die 48uur oor 'n naweek of op 'n nasionale vakansiedag val.

In so 'n geval moet u weer die einde van die eerste werkdag na die lang naweek voor die Hof gebring word.

**Let Wel:** Die polisie arresteer baie keer op Vrydae sodat ons mense die naweek aangehou word as "straf". Kontak u regsverteenwoordiger om u na die polisie te vergesel.

4. Indien u gearresteer en aangehou word het u dadelik 'n reg tot regsverteenwoordiging.

**Let Wel:** Die polisie moet u die geleentheid gee om u regsverteenwoordiger te skakel sowel as u eggenoot/eggenote/familie en/of dominee. U regsverteenwoordiger mag dadelik u saak met u bespreek.

5. Indien u nie 'n regsverteenwoordiger kan bekostig nie, kan u die Regshulpraad kontak wat vir u 'n regsverteenwoordiger sal voorsien. U moet in u taal Afrikaans bedien word. As die regsverteenwoordiger van die Regshulpraad nie Afrikaans kan praat nie, kan dit tot onreg in die Hof ly wat hersienbaar mag wees.
6. Onregmatige arrestasie gee u die reg om 'n siviele eis teen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit in te stel.

**Let Wel:** Die polisie mag u slegs in sekere gevalle sonder 'n lasbrief arresteer. Slegs wanneer dit noodsaaklik is bv. in belang van die veiligheid van die publiek of persone of regspleging.

7. **Baie Belangrik:** U moet in veilige en menswaardige toestande aangehou word.

Die polisie en korrektiewe dienste het 'n plig om toe te sien dat u nie aangerand of op enige manier fisies mishandel word nie.

Indien bogemelde gebeur, het u 'n siviele eis teen die Staat.

**Let Wel:** Indien u gearresteer word en in die selle toegesluit word, ontbied u dokter om u eers te ondersoek. Die polisie sal dan beter na u kyk.

### c. U Taalregte in die Hof en Borg

1. U het die reg om in u eie taal Afrikaans verhoor te word.
2. Andersins moet die verrigtinge en getuienis in Afrikaans aan u getolk word.
3. Die aanklag moet in Afrikaans aan u gestel word. U mag in Afrikaans daarop pleit.
4. Die Hof moet in Afrikaans u regte verstaanbaar in Afrikaans aan u verduidelik.
5. U het die reg om in Afrikaans te getuig.

6. As die landdros, aanklaer of staatsgetuie nie Afrikaans wil of kan praat nie, moet 'n tolk gekry word. Die Staat moet 'n tolk kosteloos verskaf.
7. U het die reg op regsverteenwoording.
8. Tydens u eerste verskyning in die Hof na arrestasie mag u aansoek doen om op borg vrygelaat te word en om ingelig te word oor u verdere aanhouding en die redes daarvoor.
9. As daar geen rede is vir u verdere aanhouding nie, moet u vrygelaat word.
10. Die bedrag van borg moet redelik wees.

## d. U regte as verhoorafwagtende

1. U het die reg op genoeg tyd en geriewe om vir u verdediging voor te berei.
2. U het die reg dat u saak so spoedig moontlik verhoor word en nie onnodig uitgestel word nie.
3. U is geregtig op 'n afskrif van die hele polisiedossier.

## e. U regte gedurende die verhoor

1. U het die reg om persoonlik teenwoordig te wees en deur 'n regsverteenwoordiger bygestaan te word.
2. U het die reg om getuienis af te lê, getuies te roep om namens u te getuig. Die Staat moet u bystaan om getuies wat u wil roep voor die Hof te kry.
3. U is geregtig om Appèl na of hersiening na 'n Hoë Hof te doen. Die Hof moet vir u verduidelik hoe om dit te doen.
4. Hierdie regte moet streng nagekom word.
5. U kan nie verplig word om self-inkriminerende getuienis af te lê nie. U kan nie verplig word om enige bekentenisse te doen of erkennings te maak nie.

## f. Verklarings en dokumente

1. Verklarings en dokumente wat nie in Afrikaans is nie, moet in Afrikaans aan u getolk word.

2. U waarskuwings verklaring wat nie in Afrikaans is nie, moet u nie teken nie. U het die reg om dit te doen.
3. Dring aan op 'n Afrikaanse verklaring of oefen u swygreg uit.
4. Lees u verklaring baie versigtig deur voordat u dit teken.
5. Moet nie u verklaring teken as dit nie 100% reg is nie. U het die reg om te weier om dit te teken as die verklarings nie 100% reg is nie.
6. Dring te alle tye beleefd aan op u regte.
7. U is geregtig om Afrikaans te praat, te getuig of verhoor te word. Dit mag u nie geweier word nie. Geen verskonings is aanvaarbaar nie, bv. dat daar nie tolke is nie. Indien dit wel gebeur, stel die saak uit en kontak u regsverteenwoordiger.

**D A MAREE**
**Pietersburg DLU**

**HANDLEIDING VIR BOERE MET BETREKKING TOT STRAFREGTELIKE AANGELEENTHEDE**

www.agrisa.co.za/Dokumente/Handleiding-strafregtelik.doc

## 1. WAT IS MY REGTE:

Elke persoon het 'n grondwetlike reg tot vryheid. Hierdie reg kan slegs onder sekere omstandighede wettig ingeperk word deur arrestasie. Hieronder word 'n uiteensetting gegee van wanneer 'n persoon gearresteer kan word en wat sy regte is indien hy gearresteer word. Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie handleiding 'n basiese uiteensetting van die regsposisie en persone se regte weergee. Indien 'n persoon gearresteer word, word aanbeveel dat hy so spoedig moontlik die dienste van 'n regspraktisyn bekom.

## 2. WANNEER KAN DIE SUID AFRIKAANSE POLISIE DIENS 'N PERSOON ARRESTEER MET 'N LASBRIEF?

Normaalweg sal 'n persoon gearresteer word op sterkte van 'n lasbrief uitgereik deur 'n landdros of 'n vrederegter.

Waar 'n arrestasie uitgevoer word op sterkte van 'n lasbrief sal dit normaalweg wettige arrestasie daarstel. Dit kan wel later blyk dat die lasbrief op 'n onreëlmatige of bedrieglike wyse bekom is wat die arrestasie dan onwettig sal maak. Hierdie aspek sal egter gewoonlik eers na die persoon se verskyning in die hof na vore kom.

Die persoon wat gearresteer word **mag aandring** dat die lasbrief aan hom getoon word en **moet** ingelig word van die rede vir sy arres.

## 3. WANNEER KAN DIE SUID AFRIKAANSE POLISIE DIENS 'N PERSOON ARRESTEER SONDER 'N LASBRIEF?

'n Persoon kan in sekere omstandighede wettiglik gearresteer word sonder 'n lasbrief.

'n Lid van die Suid Afrikaanse Polisie Diens (die 'SAPD') kan 'n persoon sonder 'n lasbrief arresteer -

- Wat in sy teenwoordigheid 'n (enige) misdryf pleeg of poog om dit te pleeg.

- Wat hy redelikerwys verdink 'n Bylaag 1 misdryf gepleeg het:

  Bylaag 1 misdrywe is onder andere die volgende:
  - Hoogverraad
  - Moord
  - Strafbare Manslag
  - Verkragting
  - Onsedelike aanranding
  - Menseroof
  - Roof
  - Aanranding wanneer 'n gevaarlike wond toegedien is
  - Brandstigting
  - Inbraak by of betreding van 'n perseel met die opset om 'n misdryf te pleeg
  - Diefstal
  - Ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is
  - Bedrog
  - 'n Sameswering, uitlokking of poging om enige van bogenoemde misdrywe te pleeg

- Wat uit wettige bewaring ontsnap het of gepoog het om te ontsnap.
- Wat in besit gevind word van goed wat die lid redelikerwys vermoed gesteelde goed te wees.
- Wat by 'n plek in die nag in omstandighede gevind word wat redelike grond verskaf om te vermoed dat so 'n persoon 'n misdryf gepleeg het of op die punt staan om dit te pleeg.
- Wat redelikerwys verdink word dat hy onwettiglik in besit is of was van vee of produkte.
- Wat hom opsetlik by die uitoefening van sy pligte belemmer.

## 4. WAT IS MY REGTE AS EK GEARRESTEER WORD?

Nadat 'n persoon gearresteer is moet hy so spoedig moontlik na 'n polisiestasie geneem word of na 'n plek aangedui in die lasbrief.

'n Persoon wat gearresteer is het onder andere die volgende regte ingevolge die Grondwet en die Strafproseswet:

- Die reg om te swyg en ingelig te word van sy reg om te swyg.
    - ➢ Hierdie reg sluit in dat die persoon geen verduideliking of inligting hoef te verskaf ten opsigte van die beweerde misdryf nie.
    - ➢ Die persoon moet egter op aanvraag sy naam en adres aan die SAPD te verskaf.

- Die reg om nie verplig of gedwing te word om enige bekentenis of erkenning te maak nie.

  - Hierdie reg sluit in dat 'n persoon nie gedreig, aangerand of gedwing mag word om enige iets te sê nie.

  - Indien hy wel gedreig, aangerand of gedwing was sal enige getuienis wat sodoende bekom is nie teen hom gebruik kan word nie.

- Die reg om ingelig te word van die rede vir sy aanhouding.

- Die reg om 'n regspraktisyn van sy eie keuse te kontak en mee te konsulteer.

  - Die persoon moet onverwyld die geleentheid gebied word om sy regspraktisyn telefonies te kontak.

  - Die regspraktisyn mag hom by die Polisiestasie besoek en met hom konsulteer.

- Die reg om deur die Staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei.

  - Dit vind gewoonlik eers plaas wanneer die persoon vir die eerste keer in die Hof verskyn.

  - Die landdros sal die persoon vra of hy verlang om aansoek te doen vir sodanige regshulp en hom dan die geleentheid bied om aansoek te doen.

- Die reg om so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar nie later as 48 uur na arrestasie, of die einde van die eerste hofdag na die verstryking van die 48 uur as die 48 uur verstryk buite gewone hofure of op 'n dag wat nie 'n gewone hofdag is nie, voor 'n Hof gebring te word.

  - Hierdie reg hou in dat indien 'n persoon byvoorbeeld op 'n Vrydagoggend gearresteer word, die 48 uur eers op 'n Sondagoggend sal verstyk en hy derhalwe eers die volgende Maandag in die Hof moet verskyn.

  - Gewone hofure is vanaf 9h00 tot 16h00.

  - Gewone hofdae is Maandag tot Vrydag, openbare vakansiedae uitgesluit.

- Die reg om by die eerste verskyning in die Hof aangekla te word of verwittig te word van die rede vir die voortsetting van sy aanhouding.

- Die reg om uit aanhouding vrygelaat te word indien die belang van geregtigheid dit toelaat. Hierdie reg sluit in die reg om vrygelaat te word op waarskuwing of op borgtog wat onder andere die volgende behels:

  - In die geval van sekere minder ernstige misdrywe, bv. aanranding (waar 'n gevaarlike wond nie toegedien is nie) en diefstal, ontvangs van gesteelde goedere en bedrog waar die bedrag betrokke R2500.00 of minder is, kan die persoon voor sy eerste verskyning deur 'n polisiebeampte met of bo die rang van onderoffisier op borgtog vrygelaat word.

- 'n Aanklaer kan ook 'n persoon se vrylating op borgtog magtig vir onder andere die volgende misdrywe:

  - Openbare geweld
  - Strafbare manslag
  - Aanranding waar 'n gevaarlike wond toegedien is
  - Brandstigting
  - Inbraak met die opset om 'n misdryf te pleeg
  - Opsetlike saakbeskadiging
  - Roof, diefstal, bedrog of afpersing waar die bedrag betrokke nie R20,000.00 oorskry nie
  - Enige sameswering, aanstigting of poging om bogenoemde misdrywe te pleeg

- Bogenoemde vrylating geskied in oorleg met die polisiebeampte belas met die ondersoek. Die polisiebeamptes en/of aanklaer mag weier om borgtog toe te staan indien hulle beswaar teen die verlening van borgtog het en die persoon sal dan tot sy eerste verskyning in die Hof moet wag om vir borgtog aansoek te doen.

- 'n Persoon is geregtig om by sy eerste verskyning om borgtog aansoek te doen en sal vrygelaat word indien die Hof van oordeel is dat die belang van geregtigheid dit regverdig.

- Alhoewel daar normaalweg voorkeur aan borgtog-aansoeke verleen word, word die aansoek binne gewone hofure aangehoor en nie na-ure nie.

- Die aanklaer mag aansoek doen vir 'n uitstel van 7 dae om onder andere verdere getuienis te bekom en inligting te versamel en sekere ondersoeke uit te voer. Die persoon mag beswaar maak teen die uitstel en dit is in die Hof se diskresie om hierdie uitstel toe te staan of te weier. Indien die uitstel toegestaan word sal die persoon vir 'n verdere 7 dae in hegtenis bly en nie geregtig wees om voor verstryking van die 7 dae 'n aansoek om borgtog te bring nie.

- Aangesien die SAPD 'n gearresteerde persoon eers 48 uur na arrestasie in die Hof moet laat verskyn, kan dit gebeur dat indien 'n persoon op 'n Woensdag na hofure tot 'n Vrydag gearresteer word, hy eers die daaropvolgende Maandag in die Hof verskyn. Die persoon sal derhalwe wettig in aanhouding bly tot die Maandag tensy die samewerking van die SAPD verkry word om hom voor die verstryking van die 48 uur periode voor die Hof te bring.

- Dit word geag in die belang van geregtigheid te wees om borgtog te weier vir 'n persoon indien een of meer van die volgende gronde vasgestel word:

    - Waar daar die waarskynlikheid is dat die persoon die veiligheid van die publiek of enige persoon in gevaar sal stel of 'n Bylaag 1 misdryf sal pleeg.

    - Waar daar die waarskynlikheid is dat die persoon sal poog om getuies te beïnvloed of te intimideer of getuienis te verberg of te vernietig.

- ❖ Waar daar die waarskynlikheid is dat die persoon sal poog om sy verhoor te ontduik.

- ❖ Waar daar die waarskynlikheid is dat die persoon die oogmerke of die behoorlike funksionering van die strafregstelsel sal ondermyn of in gevaar sal stel.

- ❖ Waar in buitengewone omstandighede die waarskynlikheid is dat die vrylating van die persoon die openbare orde sal versteur.

- ❖ Daar is verskeie faktore wat in ag geneem word wanneer bepaal word of een of meer van bogenoemde gronde aanwesig is. Dit word aanbeveel dat 'n persoon onverwyld die dienste van 'n regspraktisyn bekom indien hy gearresteer word en 'n borgtog-aansoek wil bring, ten einde alle relevante feite voor die Hof te plaas. Dit moet in gedagte gehou word dat vir sekere ernstiger misdrywe, soos bv. Moord en Roof, die Hof nieteenstaande die feit dat die polisiebeampte belas met die ondersoek of die aanklaer nie beswaar teen borg mag hê nie, steeds 'n volledige borgaansoek moet hou en borgtog mag weier.

➢ Indien borgtog deur die Hof geweier word, kan 'n appèl teen die weiering van borg gebring word in die Hooggeregshof.

➢ Indien borgtog toegestaan word, sal die persoon vrygelaat word op voorwaardes soos deur die Hof bepaal.

## 5. WAT IS MY REMEDIES AS EK ONWETTIG GEARRESTEER IS?

- Hierbo is uiteengesit wanneer 'n persoon met of sonder 'n lasbrief gearresteer kan word. Indien dié voorskrifte nie nagekom word nie of die polisiebeampte wat die arres uitvoer en/of aansoek gedoen het vir die lasbrief onwettig, wederegtelik en/ of kwelsugtig opgetree het, is die arres en aanhouding onwettig.

- Waar die polisiebeampte vals inligting verskaf het in sy aansoek vir 'n lasbrief, 'n persoon gearresteer het met 'n kwelsugtige doel om hom te straf en nie om sy aanwesigheid in die Hof te verkry nie, of gearresteer het wel wetende dat daar nie redelikerwys gronde vir sy arres bestaan nie, sal die arrestasie en aanhouding onwettig wees.

- Die persoon kan in so 'n geval sivielregtelik skadevergoeding van die polisiebeampte en/of die Staat eis.

- Ten einde te bepaal of die arres van 'n persoon wettig was, word daar gekyk na die redelikheid van die polisiebeampte se optrede wat die arrestasie uitgevoer het of vir die lasbrief aansoek gedoen het.

- Waar 'n klaer opsetlik valse inligting verskaf het aan die SAPD op grond waarvan 'n persoon gearresteer en/of vervolg is, kan so 'n klaer ook sivielregtelik vir skadevergoeding meegebring deur die arrestasie en aanhouding en vir laster gedagvaar word. Daar kan ook strafregtelike klagtes teen so 'n klaer gelê word van meineed en strafregtelike laster.

- Indien die arres en aanhouding van 'n persoon onwettig is, kan die Hooggeregshof genader word en 'n interdik verkry word om die persoon vry te laat. Dit sal egter net in uitsonderlike omstandighede plaasvind waar daar bewys kan word dat die arres en aanhouding van die persoon onwettig is.

- Waar die persoon vervolg word, en dit blyk dat die vervolging kwaadwillig was, kan die persoon enersyds 'n eis vir skadevergoeding teen die Staat instel.

## 6. INDIEN EK DIE KLAER IN 'N STRAFSAAK IS, WELKE GETUIENIS KAN EK AANBIED TER STRAFVERSWARING?

- Die aanbied van getuienis ter strafverswaring berus grotendeels by die aanklaer. Dit staan egter die klaer in enige saak vry om relevante getuienis onder die aanklaer se aandag te bring en te versoek dat dit voor die Hof geplaas word.

- Die aanklaer sal die getuienis op of 'n informele wyse voor die Hof plaas of in sekere gevalle die klaer roep om getuienis daaroor aan te bied.

- Die volgende faktore word normaalweg deur die Hof as strafverswarend in ag geneem:

  - Die skade wat die klaer gelei het.

  - Of die beskuldigde in 'n vertrouensposisie met betrekking tot die klaer was.

  - Die aard en erns van die misdryf.

- Of die misdryf gereeld voorkom in die Hof se jurisdiksiegebied.
- Die mate van geweld en brutaliteit wat toegepas is tydens die pleging van die misdryf.
- Of die misdryf beplan was.
- Of die klaer 'n hulpelose slagoffer was.
- Stappe wat die klaer moes tref om soortgelyke misdrywe te voorkom weens die hoë voorkoms van die misdryf en die nadeel wat die klaer daardeur lei.

- Indien skade aan die klaer se goedere berokken is of hy verlies van goedere gelei het ten opsigte waarvan die bedrag vasstaan en maklik bewys kan word, kan die klaer die aanklaer versoek om aansoek te doen vir 'n skadevergoedingsbevel. Die Hof kan so 'n bevel toestaan en so 'n bevel het die effek van 'n siviele vonnis teen die beskuldigde.